# INHOUD PER KWARTAAL

# • AFRIKAANS •

## GRAAD 6

### KWARTAAL 1

• Afkortings • Lettergrepe & Klankgrepe •

• Direkte & Indirekte Rede • Antonieme & Sinonieme •

• Byvoeglike Naamwoorde • Werkwoorde • Voornaamwoorde •

• Telwoorde • Samestellings • Selfstandige Naamwoorde • Idiome •

• Leestekens • Homonieme & Homofone • Voegwoorde • Ontkenning •

### KWARTAAL 2

• Intensiewe Vorme • Voornaamwoorde • Trappe van Vergelyking •

• Voegwoorde • Ontkenning • Samestellings • Voorsetsels • Bywoorde •

• Leestekens • Tye • Verkleinwoorde & Meervoude • Homonieme & Homofone •

• Selfstandige Naamwoorde • Idiome • Byvoeglike Naamwoorde • Werkwoorde •

• Direkte & Indirekte Rede • Lydende & Bedrywende Vorm • Sinsontleding • Afkortings •

### KWARTAAL 3

• Sinsoorte • Woordsoorte • Homonieme • Voorvoegsels, Agtervoegsels & Basisvorme •

• Ontkenning • Lydende Vorm • Verlede & Toekomende Tyd • Antonieme & Sinonieme •

• Meervoude & Verkleining • Afkortings • Intensiewe Vorme • Direkte & Indirekte Rede •

### KWARTAAL 4

• Sinsontleding • Ontkenning • Sinsoorte • Selfstandige Naamwoorde • Werkwoorde •

• Bywoorde • Voegwoorde • Rymskema • Idiome • Vergelykings • Beeldspraak • Tye •

*Geen inligting, toetse, memorandums, opsommings, dokumente, aanhangsels mag gereproduseer, gekopieer, versprei en/of herverkoop word op enige manier sonder die geskrewe toestemming van My A Plus (Edms) Bpk nie.*

# VOORBEELD:
# UITTREKSEL UIT 'n VRAESTEL



# • AFRIKAANS •

## GRAAD 6

## KWARTAAL 1

• Afkortings • Lettergrepe & Klankgrepe •
• Direkte & Indirekte Rede • Antonieme & Sinonieme •
• Byvoeglike Naamwoorde • Werkwoorde • Voornaamwoorde •
• Telwoorde • Samestellings • Selfstandige Naamwoorde • Idiome •
• Leestekens • Homonieme & Homofone • Voegwoorde • Ontkenning •

© My A Plus ©


# Afdeling A | Leesbegrip

Lees die boekuittreksel hieronder en beantwoord die vrae in jou eie woorde:

*https://cdn.shopify.com/s/files/1/0443/2946/8053/files/9781776353682.pdf?v=1652078481*

## Koninginby

*Alan MacDonald*




"ENGELA GOEDHART!" roep juffrou Appelliefie hard.

"Praat jy?"

"Nee, ek fluister net," antwoord Engela.

"Dis dieselfde ding," sê juffrou Appelliefie.

"As ek sê julle moet stil werk, bedoel ek STIL!"

Engela wip van die skrik. Juffrou Appelliefie is in 'n slegte bui.

Sy het op Miné ook geskree en met Kevin geraas, omdat hy op sy gesig geteken het. Haar oë is rooi en sy het die heeltyd 'n snesie in die hand. Dalk het sy gisteraand laat wakker gebly.

Engela sien 'n tydskrif by haar juffrou se handsak uitsteek. Sy trek haar oë op skrefies en probeer die rooi opskrif lees.

Is jou hart gebreek?

Engela sit regop. So, dis hoekom. Dit verduidelik juffrou Appelliefie se slegte bui. 'n Kêrel het haar hart gebreek! Wag tot Miné en Lara hiervan hoor. Engela weet als van dramas met kêrels. Sy en Ferdie het nou al honderde kere opgebreek, al sê Ferdie elke keer hulle het nooit uitgegaan nie.

Toe die klok vir eerstepouse lui, roep Engela die SMSS-klub vir 'n noodvergadering bymekaar – Slegs Meisies, Seuns Stink.

"Is almal hier?" vra sy. Miné sug.

"Jy kan mos sien ons is hier."

"Goed so, want ons moet vir juffrou Appelliefie help," sê Engela. "Haar kêrel het haar gelos."

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die bostaande uittreksel:

1. Wie is die hoofkarakter in hierdie boek?

_______________________________________________________________

2. Wat is die naam van die boek?

_______________________________________________

3. Wie is die skrywer van die boek?

_______________________________________________

4. Waarom het juffrou Appelliefie met Kevin geraas?

_______________________________________________

5. Waarvoor staan SMSS?

_______________________________________________

6. Waar sien Engela 'n tydskrif?

_______________________________________________

7. Wat is die opskrif van die tydskrif?

_______________________________________________

8. Watter kleur is die opskrif? ______________________

9.1 Soek 'n sinoniem vir <u>permanent</u> in die leesstuk ______________________

9.2 Soek 'n antoniem vir <u>skree</u> in die leesstuk ______________________

10. Wie is nog lede van die SMSS-klub? ______________________

11. Waarom is juffrou Appelliefie se oë rooi? ______________________

12. Het Ferdie al ooit vir Engela gevra om uit te gaan? Waarom sê jy so?

_______________________________________________

13. Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

13.1 Wanneer kom die SMSS-klub bymekaar?

A eerste periode
B eerste pouse
C tweede pouse
D laaste periode

© My A Plus ©

13.2 Hoe kan mens vir Engela beskryf?

A skaam

B oproerig

C nuuskierig

D skugter

13.3 Waarom vra Engela of almal daar is?

A hulle is 'n groot groep

B sy kry nie almal getel nie

C hulle wag nog vir iemand

D vir dramatiese effek

13.4 Hoekom trek Engela haar oë op skrefies?

A sy probeer fokus

B sy het laat gaan slaap

C die lig is te skerp vir haar

D sy wil maskara aansit

14. Waarom is dramas nie met 'n afkappingsteken geskryf nie?

_______________________________________________________________________________

15. Wat is die doel van die deelteken?

_______________________________________________________________________________

## Afdeling B | Taalleer

**VRAAG 1: LEESTEKENS**

1.1 Die kommapunt word gebruik in plek van 'n ______________________.

Herskryf die volgende sinne met die korrekte leestekens:

1.2 dit is nou elf uur in suid afrika

_______________________________________________________________________________

1.3 mine en lara gebruik 'n sker om vir juffrou appelliefie 'n kaartjie te maak

_______________________________________________________________________________

© My A Plus ©